

Pretoriana



Kopiereg voorbehou.

Copyright reserved.

INHOUD — CONTENTS

1. Editorial/Redaksioneel: Die Eeufeesjaar is verby.
2. H. M. Rex: Albert Brodrick — Winkelier en Digter van Ou Pretoria.
3. Mrs. T. J. Rodda: Memories II.
4. Wie was hulle?
5. Dr. J. Ploeger: Kleinenberg en Kleynenberg.



SO IS DAAR FEES GEVIER. FOTO TOON DIE DUISENDE FEESGANGERS IN PAUL KRUGERSTRAAT WAT OP DIE AAND VAN DIE 29ste OKTOBER SAAMGEDROM HET OM DIE VLOTOPTOG TE AANSKOU.

FOTO: P. ENGELBRECHT

DIE EEUFEESJAAR IS VERBY

PRETORIA se eerste eeufes is verby. Ons Genootskap wil dan ook burgemeester raadslid dr. H. Muller en die Stadsraad van harte gelukwens met die afgelope geslaagde feeste.

Ons burgers, gaste en besoekers het die drie weke van feestelikhede ten seerste geniet. Almal praat met die grootste lof van die uitstekende organisasie en die groot verskeidenheid van funksies. In teenstelling met die pragtige straatverligting en blomme-vertoon was die smakelose versiering van meeste geboue egter 'n bittere teleurstelling.

Weereens het Pretoria die sigbare bewys gelewer dat daar in ons midde persone woon wat die kunsgevoel, organisasietalent en deursettingsvermoë besit om op reuse skaal fees te vier. Die feesvieringe van 1938, 1949, 1952 en 1955 het oorvloedig bewys dat Pretoria soos geen ander stad in die Unie 'n groot gebeurtenis kan herdenk.

Reeds 60 jaar gelede was Pretoria vir sy feeste beroemd. Tydens die indiensstelling van die Z.A.S.M.-spoorweg na Delagoabaai is in Pretoria op grootse skaal feeste georganiseer. Die luisterryke en skitterende staatsbal wat die regering van die Z.A. Republiek in die Marksaal in 1895 gehou het, is tot hede toe nog nie oortref nie.

Met regmatige trots sal huidige Pretoriane aan die indrukwekkende onthulling van die Pretorius-standbeelde, die grootse historiese voorstelling en die skitterende polisie-militêre vertoning terug dink. Sulke vertonings sien 'n mens maar eenkeer in 'n leeftyd.

Aan dr. en mevr. H. Muller wil ons ons opregte dank betuig dat u gedurende u ampstermyn Pretoria op so'n waardige wyse verteenwoordig het.

Ten slotte wens ons ons lede en lesers 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar toe.

W. PUNT, Voorsitter.



ALBERT BRODRICK

(THE PUBLICATION OF THIS PHOTO IS MADE POSSIBLE AS A RESULT OF A
GENEROUS GRANT BY MESSRS. BARCLAYS BANK)

ALBERT BRODRICK

WINKELIER EN DIGTER VAN OU-PRETORIA

ALBERT BRODRICK is sonder die minste twyfel een van die mees kleurryke en interessante persoonlikhede van Ou-Pretoria. Ongelukkig is daar min bekend oor sy lewe voor en direk na sy aankoms in Pretoria aan die begin van die sestiger jare. Nietemin vang sy naam gereeld die oog wanneer die ou koerantleggers van daardie jare deurgeblaai word. Vir meer as twintig jaar was hy een van die bekendste persone in Pretoria, 'n algemeen gesiene en beminde figuur met 'n ruim aandeel in die handels- en sosiale lewe van die regeringsetel. Hy was aangenaam en gemoedelik van aard, en het 'n besondere sin gehad vir die humoristiese in die lewe. Sir John Kotzé het hom onthou as „an educated man with a keen sense of humour, (he was) pleasant in company.” Sy roem berus egter groten-deels op sy digterlike talente wat hy aan die dag gelê het en waarmee hy sy tydgenote vermaak en besiel het.

Al wat ons van Broderick se lewe voor sy koms na Pretoria met sekerheid weet is dat hy in 1830 in Engeland gebore is en dat hy voor sy koms na Pretoria, vroeg in die sestiger jare, handelsbelange in Kimberley gehad het („*Pretoria News*,” 25/7/1951). Dit is egter nie seker of hy Kimberley net as 'n rondreisende smous aangedoen, en of hy hom daar vir 'n tydlang gevestig het nie. Volgens Gustav Preller („*Ou-Pretoria*,” bl. 74) was hy 'n „rondtrekkende Engelse negosiant” en dit is waarskynlik dat hy op sy reis noordwaarts Pretoria as 'n smous aangedoen en toe besluit het om hom hier voorlopig vir goed te vestig.

Volgens Prof. S. P. Engelbrecht (*Thomas Francois Burgers*,” bl. 125, voetnota) het Brodrick nie enige akademiese opleiding gehad nie, ofskoon hy tog iemand was van 'n sekere ontwikkeling. Sir John Kotzé („*Biographical Memoirs and Reminiscences*,” bl. 429, voetnota), wat Brodrick persoonlik geken en soms ook met hom 'n potjie skaak gespeel het, vertel daarenteen dat hierdie „pioneer and poet” „an educated man” was. Dat Brodrick beslis 'n goeie opvoeding gehad het, kan afgelei word uit sommige van sy gedigte waar hy kennis van Frans, Latyn en die klassieke letterkunde aan die dag lê.

Nadat Brodrick hom vroeg in die sestiger jare as 'n winkelier in Pretoria gevestig het, het hy op grond van sy uitmuntende persoonlike hoedanighede, heel gou 'n gesiene openbare figuur geword. Uit 'n koerantberig van 1894 („*Transvaal Advertiser*,” 17/11/1894) verneem ons dat Brodrick alreeds in April 1862 in Pretoria woonagtig was. Die skrywer van die koerantartikel, wat homself „*Old Fogey*” noem, het Pretoria destyds besoek en hy gee 'n beskrywing van die geboue rondom die Kerkplein, sowel as die vernaamste persone wat toe hier woonagtig was en hulle daag-

likse bedrywighede voortgesit het. Hy vertel, onder andere, dat „there were only a few houses round the Square,” waarvan „Brodrick’s Store and Cottage” een van die opvallendes was. Hy verwys verder na „witty Brodrick, with his ready tongue and a pun on his lips on every word you said, our Transvaal poet laureate (author of „Fugitive Fancies”).”

Sy handelsbedrywighede het Brodrick oor ’n lang periode op twee verskillende persele van die noordoostelike gedeelte van Kerkplein toegepits. Voor 1865 was Brodrick se winkel en woonhuis — volgens Preller („*Ou-Pretoria*” bl. 75) — geleë op die terrein van die huidige „Equity”-gebou (tot onlangs die „Erasmus-gebou”), alhoewel sy woonhuis en winkel, volgens ander bronne, gestaan het waar die „Lewis & Marks”-gebou mettertyd opgerig is.

Ofskoon daar ’n mate van onsekerheid bestaan i.v.m. die presiese plek van Brodrick se eerste winkel en woonhuis, weet ons dat Brodrick sy winkelbesigheid vanaf Mei 1865 verskuiwe het na Erf No. 323, op die hoek van Kerkstraat-Oos en Kerkplein, waar die Barclaysbank-gebou nou staan. Op hierdie goed-geleë perseel, wat voorheen aan H. J. Vermeulen behoort het, het Brodrick vanaf 1865 sy besigheid voortgesit totdat hy „The Hole in the Wall” mettertyd aan iemand anders oorgemaak het en hom van toe af meer begin toelê het op ander bedrywighede, soos grondspekulasies, mynbedrywighede en agentskapswerk. Intussen het hy hom ook steeds beywer om die belange van die Pretoriase gemeenskap op verskillende terreine te bevorder. Die bevordering van perdesport en perdereisiesbyeenkoms in Pretoria het veral sy belangstelling geniet.

Nadat Brodrick sy eerste winkel en woonhuis in 1865 ontruim en oorgetrek het na die hoekerf, het die „gewezene woonhuis van Brodrick” vanaf Maart 1865 vir twee jaar die goewermentsgebou van die Suid-Afrikaanse Republiek geword (Staats Courant, Vol. VIII, No. 92, dd. 11/4/1965; Gouvts. Kennisgeving No. 178). Hierdie gebou het al die goewermentskantore gehuisves totdat die Eerste Ou Goewermentsgebou in 1867 voltooi is.

Vermeldenswaardig is die feit dat terwyl Brodrick nog sy winkel en woonhuis op hoekerf No. 323 gehad het, hy suksesvol was om aalwyne op sy erf te kweek. In September 1877 het ’n berig in „*De Volksstem*” melding gemaak van die „*Flowering Aloes*”: „In Mr. Brodrick’s back yard, at the back of the “Hole in the Wall” several aloes are just shooting into flower. They will be the first aloes that have flowered in Pretoria.”

Hoedat Brodrick se naam gekoppel is aan die inswering van Sir Theophilus Shepstone as Administrateur van Transvaal word vir ons vertel deur Sir John Kotzé („*Memoirs*,” a.w., bl. 428—429): „On the 19th of May, 1877, Sir Theophilus took the usual oath on assuming the office of Administrator. The ceremony took place in the Dutch Church on the Square. The European inhabitants turned out almost *en masse* to witness the function. Besides the usual crowd outside, there was a guard of honour

furnished by the 13th Regiment, together with the military band. The church itself was well filled. At the appointed hour the playing of the National Anthem announced the arrival of the new „Administrator,” the title adopted by Sir Theophilus. He took his seat at a small table on a temporary dais. On this table were to be seen a Bible and a very artistic inkstand in good silver plate. This inkstand had been presented to Sir Theophilus Shepstone by Mr. A. Brodrick, a storekeeper in Pretoria and also a poet. Hence it came to be known as the „Annexation Inkstand.”

Eers nadat Brodrick hom in Pretoria gevestig het, het hy in die huwelik getree en wel met Mej. Isabella Louisa Cole. Sy was een van die vyf dogters van Eerw. Cole. Die Eerwaarde was met sy gesin op pad na Singapore, maar aangesien hy ongesteld geraak het tydens die lang seereis het die sendeling-gesin nie verder as Kaapstad gereis nie en hulle mettertyd na Transvaal begewe. Een van die ander dogters, Alexa, is later getroud met J. C. Rous, destyds in diens van die bekende Alexander McCorkindale. Rous het gedurende die sewentiger jare ’n belangrike aandeel gehad in die Transvaalse koerantwese. Veral sal hy onthou word as een van die mede-oprigters en mede-eienaars van „*De Expresse*” (saam met Jeppe) en „*De Volksstem*”) (saam met J. F. Celliers) („*Pretoria News*,” 16/7/1951).

Mevr. Brodrick is op ’n betreklik vroeë leeftyd, op 9 Junie 1873 oorlede en sy lê begrawe in die Ou Kerkhof in Pretoria. (Dr. J. Ploeger, „*A Wanderer’s Rhymes*,” „*Pretoriana*,” Deel 1, No. 1, Sept. 1951). Vermoedelik is daar net een seun uit die huwelik gebore, nl. Harold Brodrick. Van hom word melding gemaak in die „*Lys Diary*” waarvan ’n gedeelte in besit is van die Stadsraad van Pretoria. John Robert Lys was een van die eerste handelaars van Pretoria en in sy „*Diary*” word gereeld melding gemaak van Brodrick, soms egter op ’n minder vleierende wyse. Vir die doen en late van feitlik al die Pretorianers van die sestiger jare, is Lys se „*Diary*” beslis ’n baie belangrike en waardevolle bron, wat tot nou toe nog nie juis onder die aandag van die historici van Pretoria gekom het nie.

Onder die datum van 8 Februarie 1867, en daarna, vind ons ’n aantal verwysings na die siekte van Harold Brodrick: „Harold Brodrick taken suddenly ill, speechless in a fit. After some time the little fellow came round but remained very queer . . . Harold very queer still. The little fellow is so fat that sickness has a great effect upon him.”

Ek vermoed dat Harold Brodrick, wie se naam voorkom in die bg. artikel van Dr. Ploeger, nl. waar hy ’n bundel van Brodrick se verse aan sy neef M. W. Frean geskenk het, in werklikheid dieselfde Harold was wat in 1867 so ernstig siek was.

Die algemene opvatting is dat Albert Brodrick teen die einde van die sewentiger jare vir goed terug is na sy geboorteland oorsee; volgens Prof. Engelbrecht en Dr. Ploeger in 1878, en volgens Sir John Kotzé in 1879. Dit is egter blykbaar ’n vergissing want dit is bekend dat Brodrick gedurende die tagtiger jare weer vir ’n tydperk in Pretoria woonagtig was.

In „*De Volksstem*” van 17 September 1881, adverteer A. Brodrick van No. 1. Kerkplein, Pretoria, „splendid Lithographical Plans of the Town Pretoria,” elk 24 dm. by 24 dm. Tydens ’n verkoping wat gedurende Februarie 1882 op Heidelberg gehou is, het die „*Transvaal Advertiser*” van 25 Februarie 1882 verwys na „our old Friend Mr. A.B., die rhymster, with his son, the punster, assisted by Green Bottle (vermoedelik R. Cottle Green) did good work in their particular line, to the evident amusement of all present.” Verder word ook nog berig: „by the way, we might mention that the following Pretorians were present: Brodrick, Sen. and Jun.”

Eers in die loop van die tagtiger jare, vermoedelik gedurende of net na 1885, is Brodrick vir goed terug na Engeland. In Desember 1887 was hy in elk geval nie meer in Transvaal woonagtig nie, aangesien hy destyds vanaf Londen ’n aantal nuwe verse aan die „*Transvaal Advertiser*” vir publikasie gestuur het.

Van sy lewe in Engeland weet ons feitlik niks nie, behalwe dat hy nog voortdurend belangstelling getoon het in sy geliefde ou Transvaal en sy mense. Van sy verlange en sy heimwee getuig sy gedigte, waarvan daar drie bundels verskyn het en een daarvan ’n herdruk belewe het kort voor sy dood in 1908. Hierdie nuwe uitgawe van „*A Wanderer’s Rhymes*” het hy nog self persklaar gemaak en sy gedigte was seker vir die afgeleefde ou heer ’n groot bron van vreugde waar hy in die aand van sy lewe in sy gees weer die awonture en ondervindings van sy jeugjare in die vërre afgeleë Transvaal kon belewe.

In die Engelse letterkunde van Transvaal sal sy naam dan ook steeds met eer vermeld word, ofskoon daar toegegee moet word dat Brodrick se verdienstelike digwerk vandag in wyer kringe nie so bekend is as wat dit behoort te wees nie.

Aanvanklik is sy gedigte nie gepubliseer nie, maar soos die digwerke van ouds het sy gedigte en gevathede, maar veral sy gevleuelde woorde, in mondelinge sirkulasie gekom. Eugene Marais vertel („*Ou-Pretoria*,” bl. 75) dat Brodrick bekend was vir sy geestigheid en dat hy menige satiriese vers op mede-Pretoriane nagelaat het, sommige waarvan tenminste mondelinge onsterflikheid behaal het. Eugene Marais kon nog die volgende voorbeeld, Brodrick se eie voorgestelde grafskrif, onthou:

“Here lies old Brod in his last rest;
of men between the worst ones and the best;
— the greatest coward in the town,
barring Piet Marais and Baby Brown!”

Mettertyd het Brodrick van sy gedigte begin publiseer in die „*Transvaal Argus*,” „*De Volksstem*” en die „*Transvaal Advertiser*,” meesal onder skuilname, waarvan die volgende die bekendste was, nl. „*A Wanderer*,” „*Transvaal Englishman*,” „*T.V. Englishman*,” „*A.B.*” en „*Vaalpens*.”

In die ou koerante vind ons ook gedigte van ander persone, maar dit

is tog duidelik dat die gedigte van Brodrick van 'n suiwerder digterlike talent getuig. Daar bestaan voldoende getuienis om te konstateer dat Brodrick se gedigte destyds deur 'n ruim leserskring waardeer is.

Een van sy gedigte wat in die „*Transvaal Argus*” van 15 Julie 1868 onder die titel „*Farewell to Pretoria*” en onder die skuilnaam „*T.V. Englishman*” gepubliseer is, en wat Brodrick op 25 Mei voltooi het, gee vir ons 'n besondere interessante kyk op die sosiale lewe van Pretoria gedurende die sestiger jare. Uit sy gedigte kan ons aflei dat Brodrick — destyds in sy 30-er jare — aan al die sosiale bedrywighede van Pretoria deelgeneem het. Vandaar dan ook sy vermoë om op 'n lewendige en interessante wyse 'n beskrywing te gee van die persone en gebeurtenisse van Pretoria. Veral belangrik is sy verwysing na die „Kirk on Market Square, with your D.D.S. initials, standing on your gable there.” „*Die Volkstem*” van 5/10/1904 bevestig Brodrick se verwysing na die kontrakteurs se voorletters op een van die gewels: „Het oude kerkgebouw . . . werd gebouwd door de gebroeders Devereau en Skinner . . . Op een der gevels prykte dan ook in duidelike letters de initialen der bouwlieden: D.D. & S., met het jaartal: 1855 eronder.” Sover my kennis strek is hierdie die enigste twee bronne wat hierdie belangrike besonderheid vermeld.

Farewell to Pretoria

ET VIX SUSTINUIT DICERE LINGUA VALE

NOW Farewell to my trim-built City,
Store, and Note, and Lads, Farewell,
Farewell, beauteous, wise, and witty,
I must leave thee for “a spell.”

* * *

Every four years comes a longing,
Stronger than a twinge of Gout,
For the land with mem'ries thronging,
Land of Oysters and of Stout.

* * *

And my Creditors, though many,
When I plainly tell them so,
Say “Perhaps he'll make a penny
Bortheration! let him go.”

* * *

Farewell pleasant, grave Officials,
Farewell Kirk on Market Square,
With your D.D.S. initials,
Standing on your gable there.

* * *

Farewell Wagons full of Produce,
Butter, Cabbages and Wool,
Farewell Master, well your rod use

In your well conducted school.

* * *

Farewell pleasant little meetings,
Farewell friendships cold and hot,
Farewell “tossings,” “standings,”
“treating,”

Farewell surreptitious tot!

* * *

Farewell Dinners! farewell speeches,
Farewell Picnics 'neath the Trees,
Races (though Experience teaches
Potchefstroom is Baas at these).

* * *

Farewell Balls and jolly Dances,
Farewell partners lost in lace,
Still I see thy gentle glances,
Still thy waltzing full of grace.

* * *

Farewell sweet Accordeon Player.
Farewell Polkas (toe and heel).
Farewell “deux temps” two times gayer
And for winding up, the Reel!

* * *

Farewell simple, Gentle "suction,"
Jellies made by hands so dear!
Farewell soft and sweet seduction
Of the bottled Ginger Beer.

* * *

Farewell Tournaments at Croquet
"Married," "single," "black" and "blue,"
Farewell many a pleasant joke (eh?)
Made by ONE, WHOSE jokes are NEW,

* * *

Farewell hair, that krinkle, krankles
Brightly o'er the Chignon's loop,
Farewell pretty feet and ancles,
Farewell mallet, ball, and hoop.

* * *

Farewell men of weight and measure,
Bold Surveyors ("mete"-ors bright)
May you ever taste the pleasures
Science gives (The-odd-delight).

* * *

Farewell President and People
Each to each hold firm and tight
Though your road be up a steep hill.
Soon you'll reach the topmost height.

* * *

Farewell Legislators; ever
Be your acts from "Bunkum" freed,
Farewell Registrar! so clever
Good in every "Act" and "Deed."

* * *

Farewell Landdrost, plain, straight-
forward,
Free from humbug and pretence,
Never letting some BIG law word,
Move you from the "Common Sence."

* * *

Farewell Advocates and Agents,
Farewell "Procureur du Roi"
(Jolly chap!) farewell all Pageants,
Pomp and circumstance of Law!

* * *

Farewell Rifle Corps! I wager
You've now drilled without a fault.
Farewell active Sergeant Major,
Signal Gun and Cry of "Halt."

* * *

Farewell officers commanding,
Doctor too with scimitar,
Looking just like (as he's standing)
Mars (the second) God of War.

* * *

Farewell "Commandeering brieven"
Farewell stunning Veldt Cornet,
May you e'er at Morn and Even,
Take your "customary wet" (*Query
Grondwet).

* * *

Farewell War — and BROTHER nigger,
Hiding in Z.P.B.'s caves,
May the "cap" and captious trigger,
Stop you making White men SLAVES.

* * *

Farewell Merchants in that Quarter,
Sad your fate to think upon!
"Blades" all broken by Katlachter,
With your IVORY HANDEL gone.

* * *

Farewell Argus, may your "Leaders,"
Never o'er the traces Kick,
May you have 10,000 readers
Men who PAY SUBSCRIPTIONS
QUICK.

* * *

Farewell salted steeds (dear horses),
Farewell "Tempest," Prince of Prigs,
Farewell Musa's Water-courses,
Farewell Donkeys, Ducks and Pigs!

* * *

Farewell Pump, the first erected
By a jolly TEMPERANCE! "bloke,"
Though the water thence ejected
Very often tastes of "SMOKE"!

* * *

Farewell all what's sad and nasty
Farewell all what's good and nice,
Farewell Business-letters hasty;
Oh! Farewell the stern Bewys!

* * *

Farewell jolly "Males" and "Females"
Gentle, simple, dark and fair,
I must steam by many Sea-"mails"
E'er I meet your match I swear.

* * *

Farewell "Dorpje" not one minute
Would I call thee "great," it were vain,
It's not the size, but what is in it,
Makes me long for you again.

* * *

So farewell MY trim-built city,
I must leave thee for a spell
Farewell beautiful, wise, and witty
Still again — I say Farewell.

Gedurende Junie 1874 is berig dat die Engelse Kerk in Pretoria 'n klok as geskenk van die Biskop van Zoeloeland ontvang het („*De Volksstem*,” 13/6/1874) en na aanleiding daarvan het Brodrick een van sy mooiste gedigte geskrywe, nl. „*The Exiled Bell*.” In hierdie verband het „*De Volksstem*” van 22 Augustus 1874 as volg geskrywe: “The talented little poem „*The Exiled Bell*” published some weeks since in „*De Volksstem*” was not long finding its way to England, where it has been much appreciated in the neighbourhood from which the Bell was sent. The donor thus writes upon the subject: „I was very glad to receive the very pretty little ‘Lay of the Bell’ which we have all here read with much interest and admiration that your so far off flock should produce so genuine little piece of poetry. I shall certainly have far higher opinion than before of our old clock bell.”

“Another from the same neighbourhood writes: ‘I have just been reading some lines Mr. F. kindly lent me, *The Exiled Bell*,’ which I like very much. I want the F——’s to illustrate them with some Norfolk sketches and then you must provide the African ones, and let them be sold for the benefit of — ’.” Dit sal interessant wees om vas te stel of daar destyds uitvoering gegee was aan die wenk om die gedig te illustreer.

Tydens sy verblyf in Pretoria het Brodrick voortgegaan om oor verskillende uiteenlopende onderwerpe gedigte te skrywe en hulle dan in een of ander van die destydse Transvaalse koerante te publiseer. Omdat sy swaer, J. C. Rous, een van die eienaars van „*De Volksstem*” was, vind ons baie gedigte van Brodrick in daardie koerant, wat aanvanklik as 'n tweetalige koerant gepubliseer is.

BRODRICK SE DIGBUNDELS

SOVER bekend het Brodrick drie bundels gedigte gepubliseer; die eerste een in 1875, die tweede in 1882, en die derde bundel in 1893, met 'n nuwe geïllustreerde uitgawe in 1905.

Die eerste aanduiding dat Brodrick se gedigte gebundel sou word, vind ons in 'n berig in „*De Volksstem*” van 26 September 1874: „Shortly will be published ‘Fifty Fugitive Fancies in Verse.’ Price 1sh. By Albert Brodrick. Sentimental, Comic, Touching, Tasteful and tolerably True; — Now first collected and revised — with several pieces never before published.

“It is respectfully intimated that the profits of the little work will be devoted to NO Special good work or particular charity, but will be carefully shared between the Author and Printer in a most cold-blooded, business-like and sensible way.

“As a medium for advertisements this will be an opportunity seldom offered to a Discriminating Public — 500 copies having been ordered for the Diamond Fields alone, and it is certain that this Book will be found in every Home from the Wattle-and-Daub Drawing-Room of the Local Artist and the Sanded Boudoir of the Elite of South-Africa to the Hut of

the Merchant and the Haunt of the 'Hearty-Beast.'" Vervolgens word die titels van sommige gedigte wat gepubliseer sou word genoem.

Hierdie eersteling-digbundel van Albert Brodrick, „*Fifty Fugitive Fancies in Verse*,” het toe gedurende 1875 die lig gesien. Dit is gepubliseer deur Celliers & Rous van „*De Volksstem*”-drukkery en is opgedra aan “Mac” — My oldest Friend — These Fancies are Dedicated in Remembrance of Lang Syne.” Aangesien een van sy gedigte handel oor Alexander McCorkindale, die bekende Oos-Transvaalse immigrant, vermoed ek dat hy die “Mac” was aan wie die bundel opgedra was.

Brodrick het 'n opregte bewondering gehad vir President Burgers en dit is dan ook paslik dat die eerste gedig in die bundel aan die President opgedra is. Gedurende 1874 was President Burgers ernstig siek. Toe daar beterskap in sy ernstige siekte gekom het, het Brodrick die gedig „A Hope” gemaak en dit die volgende jaar die eerste gedig van sy eersteling-digbundel gemaak.

A HOPE

T.F.B. . . .

HE came to us when Winter's pall
Lay velvet-soft upon the earth,
When darkness reigned upon us all,
When dreams of Fame seemed little
worth.

* * *

Our country lay in sleep profound.
Sweet Nature, as her seasons passed,
Could wake to life the wintry ground —
But our good name aside was cast.

* * *

He came to us to do and dare —
A warrior fitted for the fight:
With one fixed purpose—ne'evr to spare
His strength in battling for the Right.

* * *

He came to us in Winter's gloom,
And ere the Spring had waked the
flow'rs,
And woods with sweet Mimosa bloom
Were goldened—his great heart was
ours!

* * *

We loved him as one set apart,
In whom no thought of self was
sown. —

Is not a pure unselfish heart
A passport to the highest crown?

* * *

He nobly fought and won his way,
And just when Fame afar had borne
His prowess — sickness came to slay,
And we of all our joy were shorn.

* * *

He fought, and foremost fighting fell,
And we, who marked all he had
done,
Felt what the tongue ne'er dared to tell:
“We yet may lose the heart we've
won.”

* * *

But now a Hope has ris'n on high —
We trust in the Almighty Will,
And one dear friend who standeth by,
With gentle strength and sovereign
skill.

* * *

We rest in Hope, in Hope we wait,
“God moves in a mysterious way” —
But we believe in this, our fate:
“Our Darkness shall be turned to
Day.”

Hierdie eerste klein bundeltjie verse van Brodrick, wat vandag baie skaars is, en wat 'n hele aantal treffende gedigte bevat, is in 1882 aangevul

deur 'n tweede bundel verse met die titel „*South African Leaves*” by „*The Transvaal Englishman*.”

In die „*Transvaal Advertiser*” van 7 Oktober 1882 het daar 'n simpatieke waardering van Brodrick se tweede verse-bundel verskyn: „This is a neat little brochure of 36 pages containing some poetical pieces by the well-known author of „*Fugitive Fancies*.” Most of the Verses have never been published before, but many of them have for some time been known to the writer's most intimate friends. Though humorous fancies seem to flow most freely from the author's pen; many of the pieces awake other feelings than those of amusement. „*Rorke's Drift*,” and „*Before Ulundi*” will find a responsive chord in the heart of most Englishmen; and the tender passion is expressed in many touching lines.

„The little work as a whole, is elegant, bright, and sparkling with humour. Its only defect in our eyes is, that there is so little of it. Taking it up we finished it in an hour, and wished for another.”

Vermoedelik is hierdie tweede digbundel van Brodrick ook in Pretoria gepubliseer, maar aangesien ek hierdie bundel nie onder oë gehad het nie, het ek alleen so'n vermoede. Dit sal onthou word dat Brodrick destyds weer terug was in Pretoria na een van sy gereelde, periodieke oorsese reise.

Nadat Brodrick vir goed teruggekeer het na Engeland, het in September 1893 die eerste uitgawe van „*A Wanderer's Rhymes*” die lig in Londen gesien. Hierdie derde digbundel van Brodrick is deur die „*Record Press*” gepubliseer en in sy „*Dedication*” het die skrywer gemeld dat „this collection of Rhymes, some of which have already appeared over the signatures of „*A Wanderer*” — „*Transvaal Englishman*” — „*A.B.*” — and „*Vaalpens*,” is dedicated to the memory of M.S.B., my first and my best friend.”

Op hierdie eerste uitgawe het 'n nuwe uitgawe in Maart 1905 gevolg, hierdie keer gepubliseer deur Wilkinson Bros., 1—9 Green Lanes, London. Wat hierdie uitgawe so belangrik en interessant maak is dat die uitgawe geïllustreer is deur 41 treffende illustrasies van W. Herbert Holloway.

Volgens Sir John Kotzé („*Memoirs*,” a.w., bl. 429, voetnota) bevat „*The African Monthly*” van 1908, bl. 414, 'n waarderende beskouing oor die gedigte in Brodrick se laaste digbundel.

Melding kan ook nog daarvan gemaak word dat een van Brodrick se gedigte „*Our Republic*” in 1892 getoonset is deur S. Holmes („*Die Volksstem*,” 23/11/1892).

Albert Brodrick was nie 'n groot digter in die gewone sin van die woord nie, maar tog is hy iemand wat ons belangstelling en waardering ten volle verdien. Sommige van sy gedigte is beslis van hoogstaande en blywende letterkundige waarde, terwyl feitlik almal veral van kultuur-historiese waarde is, aangesien die meerderheid van die gedigte betrekking gehad het op een of ander persoon of gebeurtenis — in die meeste gevalle met Ou-Pretoria as agtergrond. Vir daardie rede sal Brodrick se gedigte altyd 'n belangrike bron wees vir 'n studie van die sosiale en selfs politieke lewe van Pretoria in die besonder, en van Transvaal in die algemeen. Brodrick

